

LES 2: WAT IS OPREGTE BEKERING?

Elke mens op aarde, vanaf Adam en Eva, behalwe Yahshua die Messias, tree teenstrydig op teenoor Elohim se manier van dink en doen. Ons almal het 'n aandeel in die wêreld se sonde (*Rom 5:12*).

Daaglik doen ons “*werke van die vlees*” omdat sondige begeertes ons liggaam (sintuie) en verstand beïnvloed want ons leef in 'n wêreld waar die “*vors van die onsigbare bese magte*” die lugweë (media soos radio, televisie die internet) oorheers (*Ef 2:2-3*). Elke mens is 'n sondaar daarom verdien elkeen van ons “*die loon van die sonde*” wat die doodstraf is. Die apostel Paulus het dit soos volg gestel:

*Rom 6:21 Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waarvoor julle jul nou skaam? Want **die uiteinde daarvan is die dood.***

Rom 6:22 Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan Elohim, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe.

*Rom 6:23 Want **die loon van die sonde is die dood**, maar die genadegawe van Elohim is die ewige lewe in die Messias, Yahshua, ons Meester.*

Elkeen wat nog nie hul sondes bely het nie is op 'n spirituele doodsvonnis wat wag vir hul verdiende teregstelling. Hierdie straf word verdien deur te doen wat van nature kom – om te sondig. Maar Yahweh is die Elohim van genade, daarom het Hy aan die mensdom 'n weg voorsien om ons van die doodstraf vry te spreek.

Joh 3:16 Want so lief het Elohim die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Die liefdevolle Vader wil graag hê dat elke mens aanspraak maak op die opoffering van Sy seun, Yahshua vir die kwytstelling van persoonlike sondes.

Rom 5:8-9 Maar Elohim bewys Sy liefde vir ons juis hierin dat Messias vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van Elohim gered sal word. (Afrikaans Nuwe Vertaling, 1983)

Handelinge 2:38 som die verlossings proses in net een frase op: “Bekeer”!

Yahshua het ook gesê:

Luk 13:3 Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom.

Luk 13:5 Nee, sê Ek vir julle; maar as julle jul nie bekeer nie, sal julle almal net so omkom.

2.1 Wat is ware bekering in Yahweh se sienswyse? Wat behels dit en wat moet ons doen?

2.1.1 Verandering van koers

Deur die Skrif sê Yahweh dat ons iets moet doen voordat Hy die offer van Sy Seun sal laat geld as betaling vir ons sondes. Ons moet bewys dat ons nie meer wil voortgaan in ons sondige leefwyse wat lei tot die dood nie. Ons doen dit deur ons leefwyse te verander. **Die verandering van koers is ons bekering.** Optrede en dade teenstrydig met Yahweh se wet is sonde. Sonde is die oortreding van enige van Yahweh se gebooe.

Kom ons kyk na die enigste direkte definisie van sonde in die hele Bybel:

1 Joh 3:4 Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.

Die belydenis van sonde, eenvoudig gestel, is om te verander. Ons draai dus weg van self-koestering en 'n houding van "bekom" na 'n houding van "gee." Ons draai van baatsugtigheid na onbaatsugtigheid, met ander woorde 'n ommekeer van ons manier van dink en doen na Yahweh se manier van doen. Wanneer ons begin demonstreer dat ons daadwerklik wil verander en deur middel van gebed vir Yahweh vra om ons sondes van die verlede te vergewe; dan eers kwalifiseer die mens om die Messias se offer te ontvang wat Hy namens ons gedoen het. Dan is ons vrygespreek van die skuld en straf van ons sondes van die verlede. Die straf van die dood hang dan nie meer langer oor ons koppe nie. Paulus het dit soos volg verduidelik:

Heb 9:14 hoeveel te meer sal die bloed van Yahshua, wat Homself deur die ewige Gees aan Elohim sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende Elohim te dien.

Die Almagtige Vader is ons werklik genadig. Hier volg die besonderhede van die belangrikste stap na verlossing.

2.1.2 Die "natuurlike" toestand van die mens

Elohim het die profeet Jeremia geïnspireer om te skryf oor die basiese aspekte wat die menslike brein motiveer. Hoe karakteriseer die Vader die siel of "hart" van die mens?

Jer 17:9 Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?

Rom 8:7 omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen Elohim is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van Elohim nie, want dit kan ook nie.

Rom 8:8 En die wat in die vlees is, kan Elohim nie behaag nie;

2.1.3 Wat is die tendense van die “vleeslike” of fisies georiënteerde verstand?

Gal 5:19 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid;

Gal 5:20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;

Gal 5:21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van Yahweh nie sal beërwe nie.

2.1.4 Waar kom die houding en impulsiwiteit om te sondig vandaan? Wie is die “vader” van sonde?

Joh 8:44 Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ‘n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan.

Ef 2:2 waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,

Ef 2:3 onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.

Die natuurlike staat van die mens, algemeen bekend as die menslike natuur, word beïnvloed deur die duiwel. Satan is alreeds onthul as die “god van hierdie wêreld” (2 Kor 4:4) die een wat al die nasies mislei (Op 12:9). Hy is ook onthul as die “vors van die onsigbare bese magte”, die gees wat werk in die kinders van ongehoorsaamheid (Ef 2:2).

Satan is werksaam in mense deur die “uitsending” van sy gestalte in ons gedagtes. Die duiwel gebruik moderne tegnologie, meer spesifiek die radio, televisie, rolprente en die internet. Sy uitsendings handel oor trots, ydelheid, selfsug, gretigheid, begeerlikheid, sug, jaloesie, kritiek, nyd, haatdraendheid, verbittering, opstandigheid, ens. Hierdie houdings van Satan is wat die mensdom menslike natuur noem. In werklikheid is dit Satan se natuur wat hy uitsaai in ons gedagtes en wat ons dan uitbring op verskillende maniere.

Geen persoon is verplig om te reageer volgens Satan se houdings en opwellings nie. Die duiwel het geen mag om enige mens te forseer om verkeerde te dink of doen nie. Die probleem is egter dat mense te lief is vir wêreldse dinge en daarom nie kans sien om afstand te doen deur hulself te bekeer en hulself toe te wy aan dit wat heilig is nie.

Nietemin, die mens gaan niksvermoedend voort met hul daaglikse gang van die lewe sonder dat hulle werklik agterkom wat in hul gedagtegang besig is om te gebeur.

Meeste mense dryf saam met die stroom en reageer volgens Satan se media influistering uit gewoonte. Natuurlik is daar sekere inherente, fisiese begeertes wat nie verkeerd is nie, soos selfonderhouding, maar die oomblik wanneer 'n selfsugtige houding intree vir selfgewin, word daardie begeerte sonde en sonde is die oortreding van Yahweh se wet.

Die gedagtegang van die mens, beïnvloed deur Satan se uitsaaidienste, bemin homself bo ander. Dit is selfsug. Daarbenewens, bemin die persoon dit wat aan hom behoort of dit wat op 'n manier aan hom verbind is soos ander mense, materiële besittings, ens. Al hierdie dinge is deel van 'n groter "self", soos 'n klein koninkryk. Dit is die "self" wat mense lief het bo enige buitestaander, spesifiek Yahweh. Selfs al doen 'n mens iets wat hy dink is goed, soos om die armes te help of om 'n vriend by te staan, doen die persoon dit vir die verkeerde rede; om gesien te word en om verhef te word vir die daad wat hul gedoen het. Niemand is goed nie behalwe Yahweh, die Almagtige Elohim.

*Matt 19:17 En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? **Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik Elohim. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooië.***

2.1.5 Die proses van opregte bekering

As ons werklik wil bekeer en Yahweh tevrede wil stel dan moet ons beseft dat ons sondaars is, al dink ons dat ons goeie dade doen. Enige goeie daad wat ons uit eie krag en wil doen is net menslik en eiegeregting.

Jes 64:6 En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleding; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind.

As ons werklik wil bekeer dan moet ons nie net die sondes bely wat ons gedoen het nie, maar ook belydenis aflê vir die persoon wie ons is. Wanneer ons gedoop word in die familie van Yahweh gaan ons letterlik van seuns van die vlees (Satan) na seuns van die lig of gees (Yahweh).

Wat het Yahshua gesê moet ons word as ons die Koninkryk wil betree?

*Matt 18:2 Toe roep Yahshua 'n kindjie na Hom en laat hom in hulle midde staan
Matt 18:3 en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!
Matt 18:4 Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele.*

Klein kinders vertoon nie dieselfde tendense van die "menslike natuur" soos ouer kinders, tieners en volwassenes nie. Ons dink aan klein kinders as lieflik en onskuldig omdat hulle 'n nederige en onderrigbare houding het. Nietemin, vroeg in 'n mens se lewe begin die houdings van Satan ingrepe maak in ons gedagtegang. Van kindsbeen

het ons geleidelik begin om verskillende grade van uitdagendheid en vyandigheid aan te neem en/of teenstrydig op te tree teenoor diegene wat gesag oor ons uitoefen. Ons het dus ag geslaan op die begeertes van die vlees omdat ons meer behep geword het met dit wat "ek" voel en wat "myne" is of hoe dit moet wees. Die resultaat van Satan se invloed op die uitsaaidiens het almal die verkeerde houdings laat koester in 'n minder of meerdere mate. Dit is hoekom Paulus die volgende geskryf het:

Rom 3:10 soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie.

Pred 7:20 want daar is geen regverdige mens op die aarde wat goed doen sonder om te sondig nie.

Dink vir 'n oomblik hoe die "natuurlike" gedagtes van die mens kontrasteer met die gedagtegang van Elohim. Yahweh is nie self gesentreerd nie, intendeel Hy is 'n stralende beeld van liefde. Yahweh deel Sy seëninge met die mensdom omdat Hy vir ons lief is en vir ons omgee. Ons Vader is nie vyandig, uitdagend, opstandig of selfsugtige nie. Hy wil graag hê dat ons Sy Vaderlike voorbeeld asook die voorbeeld van Sy seun, Yahshua volg sodat ons almal uiteindelik soos Hy kan wees. Daarom is dit Sy wil vir ons om terug te draai en om te streef om die duiwel se bose invloed op ons denke en aksies te bowe te kom. Dit is waarvoor opregte bekering gaan.

Nêrens in die Bybel sê Yahweh dat dit verkeerd is om 'n behoorlike liefde vir die self te hê nie.

Efe 5:29 want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos Yahweh die gemeente.

Ons word aangesê dat ons ander lief moet hê soos onself. (*Matt 19:19, 22:39; Mark 12:33*). Liefde vir die self is sonde wanneer dit buite die perke gaan van die nodige self-kommer en of ten koste van ander.

Adam en Eva het die basiese onderrig van Yahweh se manier van lewe ontvang, gebaseer op Yahweh se wet van vrygewigheid en mededeelsaamheid. Daarna het die duiwel verskyn. Die duiwel het Eva op 'n subtiele wyse verlei tot daar waar sy Yahweh se woord en opdrag betwyfel het en voort gegaan het om die verbode vrug te eet. Adam het toe dieselfde pad gevolg en het ook van die verbode vrug geëet (*Gen 3: 6,17*).

Deur die neem en eet van die vrugte van die boom van die bewustheid van goed en kwaad het Adam en Eva vir hulself die kennis opgedoen van wat goed en sleg is en vir hulself besluit wat reg en verkeerd is. Hulle het gerebelleer, was wederstrewig teen Elohim se gesag en ongehoorsaam aan die Wet en opdrag wat Hy aan hulle gegee het. Dit wil sê Adam en Eva het gesondig. Deur hul verkeerde optrede het Adam en Eva die aard of houding van die sonde van Satan ontvang. Hul oë was nou "oop" (*Gen 3:7*).

Die gees en gesindheid van opstand het deur Satan hul gedagtes betree. Hulle gedagtes ("harte") was verdraai en het "bedrieglik" en "verdorwe" geword (*Jer 17:9*).

Dit is hoe sonde, deur een mens, Adam, "*die wêreld ingekom*" het (*Rom 5:12*). Die doodstraf was vir almal bedoel, nie as gevolg van Adam se sonde of oorerwing nie, maar "*omdat almal gesondig het*". Almal van ons, in ons baba fase, het 'n nederige, leerbare aard soos Adam en Eva gehad het toe hulle geskape was. Maar soos ons ouer word, word ons gedagtes deur Satan beïnvloed. Ons het dus elkeen teen Yahweh gesondig as gevolg van "vleeslike" begeertes en selfbediening.

Die oorspronklike woorde in Hebreeus en Grieks vanwaar "bekeer" of "bekering" vertaal was, beteken 'om te draai om van rigting te verander'. Dit is ware bekering. Dit is 'n volkome ommeswaai van ongehoorsaamheid teenoor Yahweh tot gehoorsaamheid, liefde en samewerking met Hom. Oorspronklik het die Hebreeuse taal uit 22 prentjies of ikone bestaan wat later tot letters ontwikkel het. Die prentjie vir bekering is: "vernietig die pad na die huis". Jy moet dus letterlik niks oorlaat om na terug te keer nie, want dit is 'n volkome lewens verandering.

Wanneer 'n persoon werklik tot bekering kom besef jy ten volle dat jy teen die Skepper en Sy regverdige Wet in opstand was. Dit beteken dat die sondes van die verlede asook die eiesinnige, rebelse natuur verafsku word. Ons moet op 'n manier gebreek word en gereed wees, met die hulp van ons Hemelse Vader, om op te hou sondig, op te hou om te rebelleer en onself totaal en al, met hart en siel, oor te gee aan ons hemelse Vader Yahweh. Die tyd van bekering is 'n draaipunt in ons lewens!

Wanneer die draaipunt van volkome en ware bekering bereik word is daar 'n gereedheid om in elke aspek van die lewe te sê: "Meester, laat U wil geskied." Indien daar werklike berou is van die sondige natuur het ons 'n fase bereik waar ons siek en sat is van selfsugtige maniere en is gewillig om 'n permanente verandering te maak. Dit maak nie saak wat die gevolge is nie. Wanneer 'n persoon werklik hul sondige natuur berou is daar geen twyfel dat verandering nie werklik nodig is nie. Daar is slegs 'n brandende begeerte om die Hemelse Vader en Sy regverdige Wet te gehoorsaam, net soos ons voorvader Abraham gehoorsaam was en geen kompromie gemaak het nie.

Die doel is om van die sondige natuur ontslae te raak sodat Yahweh se regverdige karakter in ons geskep word deur die Heilige Gees wat aan ons die geestelike krag bied wat nodig is om buitensporige, Satan-geïnspireerde impulse te vermy. Ons Hemelse Vader aanvaar nie mense wie bekeer, maar geen werklike verandering van houding en leefwyse maak nie. Let op wat Elohim in Joël sê:

Joël 2:12 Maar selfs nou nog, spreek Yahweh, bekeer julle tot My met julle hele hart, en met vas en geweën en rouklag.

Joël 2:13 En skeur julle hart en nie julle klere nie, en bekeer julle tot Yahweh julle Elohim; want Hy is genadig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil;

Slegs 'n opregte gesindheid sal die pad oopmaak vir 'n hegte, reddende verhouding met die Hemelse Vader.

Ps 34:18 Yahweh is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees.

Elohim is die Wetgewer wie se volmaakte wet ons verbreek het.

Ps 51:4 Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou.

Opregte bekering behels ook 'n emosionele proses van gebrokenheid en vernedering in die medewete dat daar vir so lank opstandig opgetree was teenoor die lewende, Heilige Skepper. Die sondige, verleidelike, nietige en selfsugtige daade van die verlede is meteens so skrikwekkend dat ons met intense droefheid by die Hemelse Vader bid vir genade, vergifnis en hulp wat dringend benodig word om bo die sondige natuur uit te styg sodat Sy regverdige karakter ontwikkel kan word. Job het die volgende gesê toe hy besef het wat ware bekering was:

Job 42:6 Daarom herroep ek en het berou in stof en as.

Hoofstukke 36 en 41 van Job vertel aan die leser hoe nietig en klein hy is in vergelyking met die Skepper.

Besef dat die leefwyse voor die doop (indompeling onder die water) tot die dood gelei het. Na opregte bekering en doop moet elke persoon streef om Yahweh se Torah met hart en siel te volg, want dit is die handleiding wat Yahweh aan die mens gegee het om ons te leer van dit wat reg en verkeerd is.

Ps 119:105 U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.

Elke persoon moet hulself sien soos wat Job homself gesien het. Ons moet onself sien deur die oë van Yahweh. Die Woord van Yahweh moet bestudeer word sodat ons kan verstaan dat ons almal ver te kort skiet van die heerlijkheid van Yahweh (*Rom 3:23*) en dat ons Sy vergifnis en help dringend benodig. Yahweh se goedheid en guns lei ons tot bekering. Dit is Yahweh wat ons deur Sy Heilige Gees begeester om van 'n self gesentreerde liefde te verander tot die liefde vir Yahweh en ons naaste.

Rom 2:4 Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van Elohim jou tot bekering wil lei nie?

Bekering is 'n geskenk van Yahweh en om werklik 'n veroordeelde hart en sondige natuur te verander moet ons bid en vra vir 'n berouvolle hart. Meeste mense is te trots om hulself voor Yahweh te verootmoedig. Ons leef in 'n humanistiese samelewing waar meeste mense dink dat hulle basies goed is, daarom kan dit net ons Hemelse Vader wees wat vir ons 'n hart van berou gee.

Yahshua het duidelik gesê:

Joh 6:44 Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

Joh 6:65 En Hy sê: Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom as dit hom nie deur my Vader gegee is nie.

Hoe weet ek dat dit die Vader is wat my roep tot bekering? Wel, as jy verstaan wat jy tot dusver studeer het, glo wat die Bybel sê, jy nader aan die Hemelse Vader wil beweeg en Hom gehoorsaam, dan weet jy dat jy deur Hom geroep word!

2.2 Onvoorwaardelike oorgawe aan Yahweh

Wanneer 'n mens jouself volkome aan Yahweh oorgee, gedoop word en die hande opgelê word deur 'n geordende ouderling vir die oordrag van die Heilige Gees, dan begin jou manier van dink en doen verander. Die Heilige Gees neem nie ons vrye, morele keuse weg nie en sal ons nie dwing om iets te doen nie, maar lei ons in die rigting van Yahweh se waarheid en verskaf geestelike krag om die wil van Yahweh te doen. Met ander woorde, bekering beteken dat jy fokus op die wil van Yahweh en nie jou eie wil nie, om jouself onvoorwaardelik oor te gee en te leef volgens die Woord van Yahweh. Die Bybel is die Woord van Yahweh. Die bekeerde persoon besef dit volkome en wil homself vrywilliglik onderwerp aan die gesag van Yahweh, soos uitgedruk in Sy Woord! Hy is ons Meester en ons moet Hom eerste stel in alles.

Matt 10:37 Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie.

Matt 10:38 En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie.

Matt 10:39 Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind.

Bekering (oorgee aan Yahweh) beteken nie om 'n afgesonderde, bitter en bedroefde lewe sonder enige plesier of vreugde te begin ly nie. Bekering is positief. Dit is die ontsnapping van die uiteindelijke loon van die sonde en boonop, dat Yahweh ons op die pad van ontelbare seëninge lei. Alles in die lewe het gevolg. Ons Hemelse Vader wil nie hê dat ons ons wil aan Hom moet oorgee en gehoorsaam wees om ons deur Sy Wet te beperk nie, nee, dit is Satan wat wil hê dat ons so moet dink. Yahweh het Sy wet daargestel om ons te beskerm teen die sonde en die dood omdat Hy ons liefhet.

Bekering beteken ook nie dat ons afstand moet doen van die gebruik of waardering van materiële dinge nie. Yahweh is geïnteresseerd in die houding wat ons teenoor materiële dinge het en of ons, as hoogste prioriteit, Sy Koninkryk en geregtigheid eerste stel (*Matt 6:33*). Yahweh wil hê dat ons daardie dinge wat geestelik en fisies seermaak moet prysgee. Hy doen dit sodat daar 'n stop gesit word aan toekomstige vloekte deur ongehoorsaamheid aan die Hemelse Vader se wet. Die vraag is, wat van al die sondes wat ek voor bekering gepleeg het en wat van sonde wat na bekering gepleeg sal word omdat ons swak, onkundig en onrein is? Daar is net een manier om ons van die sonde te reinig en dit is deur die aanvaarding van die gestorte bloed van die Seun van Yahweh (Yahshua) vir die verwydering van sonde van die verlede, die hede en die toekoms.

Rom 5:8 maar Elohim bewys sy liefde tot ons daarin dat Yahshua vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

Rom 5:9 Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.

Hand 2:37 Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders?

Hand 2:38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Yahshua die Messias tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.

Vanuit die Skrif is dit duidelik dat Yahshua die straf vir ons sondes betaal het. Die bloed van Yahshua is ons toelating tot die verbondsverhouding met Yahweh. Deur berou en wegdraai van sonde kan ons in daardie verbondsverhouding bly, aangesien Yahweh nie in die teenwoordigheid van sonde kan wees nie. As ons aanhou om opsetlik te sondig nadat ons die volle kennis van die waarheid opgedoen het, dan maak ons 'n bespotting van die groot offer wat Yahshua vir ons gemaak het en dan is dit duidelik dat ons nie werklik bekeerde wesens was nie.

Heb 10:26 Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie,

Die wet van Yahweh kan ons nie van sonde reinig nie, maar weerhou ons van toekomstige sonde en is 'n voorvereiste vir die aanvaarding van Yahshua se bloed vir die vergifnis van ons sondes van die verlede.

Eseg 18:21 Maar as die goddelose hom bekeer van al sy sondes wat hy gedoen het, en al my insettinge onderhou en reg en geregtigheid doen, sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie.

Eseg 18:22 Al sy oortredinge wat hy begaan het, sal hom nie toegereken word nie; deur sy geregtigheid wat hy gedoen het, sal hy lewe.

Paulus maak dit baie duidelik. Alhoewel die onverdiende vergifnis van ons sondes, met die genade van Yahweh, deur die geloof in die Messias se offer plaasgevind het, dat 'n ware gelowige nog steeds verplig word om Yahweh se wet te onderhou.

Rom 3:31 Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.

Rom 2:13 omdat nie die hoorders van die wet by Elohim regverdig is nie, maar die daders van die wet geregverdig sal word.

Geloof in die bloed van Yahshua is die enigste manier om gered te word en die ewige lewe te erf, maar dit is duidelik dat ware geloof en bekering slegs verleen word aan diegene wat waarlik berou het en daarna streef om gehoorsaam te wees aan ons

Hemelse Vader se Torah (wet). Ware bekering bring 'n daadwerklike verandering van lewe wat duidelik sal wees vir diegene rondom jou.

Rom 6:1 Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?

Rom 6:2 Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?

Rom 6:3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Yahshua Messias gedoop is, in sy dood gedoop is nie?

Rom 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Messias uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.

Rom 6:5 Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;

Rom 6:6 aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.

Rom 6:7 Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde.

Rom 6:8 As ons dan saam met Messias gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe,

Rom 6:9 omdat ons weet dat Messias, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie.

Rom 6:10 Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir Elohim.

Rom 6:11 So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir Elohim in Yahshua Messias, onse Yahweh.

Rom 6:12 Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie.

Die wet van Yahweh is 'n geestelike spieël waarin 'n mens kan kyk om die geestelike onreinheid (sonde) in die verstand en hart te sien. Die spieël is nie verantwoordelik vir die teenwoordigheid van die onreinhede nie, of die skade wat die onreinhede kan veroorsaak nie. Die funksie van die spieël (die wet) is om die onreinhede uit te wys sodat 'n mens iets daaromtrent kan doen, daarvoor berou, gereinig word en dus vry te word van vrees, op te staan vanuit die ellende van sondeskuld en bevry te word van die slawerny van Satan se leefstyl en leefwyse.

Yahweh se wet is die pad na vrede, geluk en vreugde. Dit is 'n volmaakte wet wat deur Yahweh aan ons gegee is om ons gelukkig te maak en om ons te lei na 'n oorvloedige lewe op aarde tot in alle ewigheid. Die euwels waaronder die mensdom van vandag ly is nie veroorsaak deur die wet nie, maar deur die verbreking daarvan!

Elohim het die profeet Esegïel geïnspireer om 'n waarskuwings boodskap aan te teken vir die afstammeling van Israel.

Eseg 33:7 En jy, o mensekind, Ek het jou as wag oor die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku.

Eseg 33:8 As Ek aan die goddelose sê: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe, en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis.

Eseg 33:9 Maar as jy die goddelose waarsku vir sy weg, dat hy hom daarvan moet bekeer, en hy hom nie bekeer van sy weg nie, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered.

Eseg 33:10 En jy, mensekind, sê aan die huis van Israel: So het julle gesê: Gewis, ons oortredinge en ons sondes is op ons, en daardeur teer ons weg—hoe kan ons dan lewe?

Eseg 33:11 Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die Almagtige Yahweh, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?

Die boek van Esegïel is vir die moderne afstammeling van Israel bedoel, alhoewel hul voorvaders ook gedoen het wat reg in hul oë was as gevolg van onbekeerde gedagtes (Jer 17:9).

Die Israelitiese voorvaders het nie die Heilige Gees gehad om hulle te lei en in staat te stel om Satan te weerstaan en daardeur Yahweh te gehoorsaam nie. Hulle het die Heilige Gees wat aan hulle beskikbaar gestel was verwerp (*Handelinge 7:51*). Dit is deur die Heilige Gees dat die "vrugte van die Gees" in ons groei (*Galasiërs 5:22-23*), maar sonder die Heilige Gees sal ons, net soos hulle, "die werke van die vlees" doen soos aangespreek in *Galasiërs 5:19-21*. Die mensdom gaan voort met die "werke" omdat dit so 'natuurlik' kom. Die hele wêreld oes die frustrasie en kommer as gevolg van die verbreking van Yahweh se gebooe.

2.3 Die boodskap van Elohim wat die profeet Johannes in Judea moes gaan verkondig.

*Matt 3:1 In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa
Matt 3:2 gepreek en gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.*

Matt 3:3 Want dit is hy van wie deur die profeet Jesaja gespreek is toe hy gesê het: Die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van Yahweh, maak sy paaie reguit!

Matt 3:4 En hy, Johannes, het 'n kleed gedra van kameelhaar en 'n leergord om sy heupe, en sy voedsel was sprinkane en wilde heuning.

Matt 3:5 En Jerusalem en die hele Judéa en die hele omtrek van die Jordaan het uitgegaan na hom toe.

Matt 3:6 En hulle is deur hom in die Jordaan gedoop met belydenis van hulle sondes.

Matt 3:7 Maar toe hy baie van die Fariseërs en Sadduseërs na sy doop sien kom, sê hy vir hulle: Addergeslag, wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan kom is?

Matt 3:8 Dra dan vrugte wat by die bekering pas.

2.4 Yahshua se boodskap van die begin van Sy bediening

Mark 1:14 En nadat Johannes oorgelewer was, het Yahshua in Galilea gekom en die evangelie van die koninkryk van Elohim verkondig

Mark 1:15 en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van Elohim het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.

Johannes die Doper het die pad voorberei vir die Messias. Beide Johannes en Yahshua self, wat die Messias was, het verkondig dat sondaars eerste hul sondes met berou bely, die bloed van Yahshua aanvaar vir die vergifnis van sonde en dan verlossing aanvaar sodat hulle die Nuwe Verbond kan betree.

2.5 Yahshua se dissipels het dieselfde boodskap verkondig. Yahshua se opdrag was dat bekering onder al die nasies verkondig moet word.

Luk 24:47 en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder.

2.6 Op die dag van Pinkster, toe die Heilige Gees uitgestort was op die Messias se dissipels (Hand 2:1-4) het Elohim vir Petrus geïnspireer om 'n boodskap aan die skare in Jerusalem te gee.

Hand 2:38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Yahshua die Messias tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.

2.7 Die boodskap is ook aan die gemeentes van die eindtyd gegee; om te bekeer van sondes sodat hulle saam met die Messias in die komende Koninkryk kan regeer.

Op 2:5 Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.

Op 2:16 Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond.

Op 2:21 En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.

Op 2:22 Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.

Op 2:23 En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.

Op 3:3 Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie.

Op 3:19 Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.

Yahshua gee 'n waarskuwing aan al die eindtyd gelowiges, want hul lewens is nie volmaak voor die Hemelse Vader nie. Daarom moet ons selfondersoek instel sodat alle sonde en wêreldgesindhede verwyder word voordat ons die Koninkryk kan beërwe.

In die moderne wêreld sien meeste mense geen probleem met die vermorsing van eidelose ure per dag om te kyk na onheilige TV of sport nie. Ons moet vra: "Is dit wat ek doen sonde?", verander na "Is dit wat ek doen HEILIG?" Die antwoord is soms 'n openbaring vir menigte, want om ure se sport op TV te kyk is nie noodwendig sonde nie, maar is dit werklik heilig?

In die eindtyd is daar so baie wat ons as normaal beskou in ons lewens, maar in werklikheid is dit 'n gruwel vir Yahweh. As jy nie na bekering anders as die wêreld om jou is nie, dan het jy nie werklik verander nie of van jou sondige lewe bekeer nie.

1 Joh 2:15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie.

1 Joh 2:16 Want alles wat in die wêreld is - die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe - is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.

1 Joh 2:17 En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van Elohim doen, bly vir ewig.

In die laaste dae voordat Yahweh se Koninkryk op aarde opgestel gaan word, moet ons daarna streef om ten alle koste enige ongeregtigheid in ons lewens uit te wis en te vra dat Yahweh ons daagliks sal vergewe waar ons misluk.

Matt 6:9 Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;

Matt 6:10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

Matt 6:11 gee ons vandag ons daaglikse brood;

Matt 6:12 en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

Dit is uiters belangrik om te verstaan. Tensy jy ander nie vergewe nie, sal die Hemelse Vader jou sondes ook nie vergewe nie.

Ons moet besef dat ons deur Sy genade gered is. Niks wat ons doen kan daardie groot geskenk van verlossing verdien nie; met nederigheid moet ons besef dat ons in 'n desperate toestand was en dat dit ons moet toelaat om ander te vergewe op dieselfde manier as wat Yahweh ons vergewe het.

2.8 Wat gebeur met 'n mens as hul verkies om nie te bekeer nie?

Rom 6:23 Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van Elohim is die ewige lewe in Yahshua die Messias, onse Elohim.

Yahweh se wet is die pad na ewige vrede, geluk en vreugde. As Elohim die ewige lewe gee aan diegene wat aanhou rebelleer, hardnekkig weier om te berou en versuim om 'n regverdig karakter te ontwikkel sou hulle niks anders as 'n ewige ongelukkigheid en frustrasie oor hulself en ander bring. Daarom, die mees barmhartige ding wat Elohim vir almal betrokke kan doen is om die voortbestaan van sodanige rebelle te ontken. Die wat nie bekeer nie sal ter dood tereggestel word en nie in die ewigheid bestaan nie. Slegs diegene wat berou en Yahweh gehoorsaam sal as wedergeborene in Yahweh se heerlike, ewige familie, saam met Hom heers!

2.9 Pasop vir valse bekering

Let op wat Yahshua gesê het oor mense wat Hom wil aanbid sonder om gehoorsaam te wees aan Yahweh se opdragte:

Mar 7:7 Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.

Mar 7:8 Want terwyl julle die gebod van Elohim nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: die wassery van kanne en bekere, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie.

Mar 7:9 En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van Elohim opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou.

Mense wat al hul fokus op vleeslike dinge plaas sal byna enigiets anders doen as om hulself oor te gee aan Yahweh. Die natuurlike verstand (*Jer 17:9 & Rom 8:7-8*) rebelleer teen die gedagte om die self onderworpe te stel aan Yahweh se wet. Toe die Messias op aarde was het skynheilige 'gelowiges' hul eie wette en tradisies ingestel, in die plek van Yahweh se wet. Sedertdien verklaar mense dat Yahweh se gebooie tot niet is en word mislei deur te dink dat hulle verlossing ontvang deur bloot te glo in die sondelose Messias as hulle verlosser, maar geen verandering in hul lewens word aangebring nie.

Dit is in die mens se natuur om te wil reg wees, maar nie noodwendig dit wat reg is te doen nie! So dikwels sê mense: "Wel, dit is die manier hoe ek daarna kyk", met ander woorde, hulle stel hul begrip van geregtigheid bo die van die Bybel. Bo die woord van Yahweh! As dit vir hulle reg lyk of voel, word dit hulle wet. Maar menigte in die eindtyd wat gehoorsaamheid aan Yahweh weier sal verwerp word met Yahshua se wederkoms.

Matt 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.

Matt 7:22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Meester, Meester, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam kragte gedoen nie?

Matt 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!

Elohim se oë val op diegene wat sagmoedig en berouvol van gees is, diegene wat bewe voor die aangesig van die tweesnydende swaard van Sy Woord. Yahweh erken 'n berouvolle gesindheid, 'n nederige individu wat opsoek is na vergifnis en genade. Hy sal eer betoon aan die wat hulself van bose werke en dade (wat in die Woord gedefinieer word as sonde) weerhou.

Ware bekering verg 'n permanente verandering van koers. Dit is die totale oorgawe aan 'n rigting waarvan daar geen terugkeer is nie. Dit is nie 'n tydelike, spontane, emosionele reaksie wat vandag so oorheersend in “godsdienstige-herlewing-groepe” is nie. Hierdie studie het bewys dat ware bekering veel dieper as net 'n emosionele reaksie is.

Kom ons streef daarna om die getroue gelowiges te wees. Kom ons kyk na ons harte, laat die woord van Yahweh aan ons harte sny en laat ons bid tot ons Hemelse Vader vir 'n gees en hart van ware berou, sodat ons suiwer wit klere mag dra met Yahshua se wederkoms.

Kortlikse samevatting:

- 1.) Sonde is die verbreking van Yahweh se wet! (1 Joh 3:4)
- 2.) Die enigste manier hoe ons vergifnis van sonde ontvang is deur die bloed van Yahshua.
- 3.) Sonder dat die sondaar werklik van sy sonde berou en tot bekering kom, sal Yahweh nie Sy Seun se bloed vir die vergifnis van sy sondes gee nie.
- 4.) Bekering is nie net 'n emosionele gevoel nie, maar 'n ware verandering van koers en leefstyl.

Die volgende twee boodskappe is op die webwerf (www.coyhwh.com) beskikbaar vir aflaai:

1. Mind of Messiah
2. What is real change?
3. What is real repentance?
4. Have you really given up your life?